

10 AUGUSTUS

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 64
FOKUSGEDEELTE: PSALM 64:10**

Wat is u doelwit?

"Hoor my as ek kla, o God..." Dit is maar 'n droewe prentjie as ons na die dinge onder die son kyk – ons sou mekaar maklik tot trane toe kon bekla. Onder die son is dinge donker, sonder uitsig, geen droom, ideaal of plan nie en dan kom die dood ook nog. Bestaan u maar net? Bestaan u lewe net uit eet en slaap en slaap en eet, so 'n nuttelose, geeslose sirkelgang sonder doel en sin? Leef u net vir naweke en vakansies? Is daar nog iets wat u opgewonde of entoesiasies maak? Of is u soos 'n digter oor die ouetehuis geskryf het, reeds in die wagkamer van die dood?

Psalm 64 vertel van erge omweerswolke rondom Dawid. Sy vyande maak sy omstandighede ongunstig, sy lewe word bedreig, hy word bespot, uitgelag, beskinder en belaster. Dawid het geen verweer onder die son nie. Daarom bid hy bo die son uit, bo die dinge uit wat wissel en vergaan.

Wie dit doen, kom agter dat daar meteens perspektief kom, dat daar ook 'n ander werklikheid is as dié een wat ons hier onder die son kan sien. Daar is die werklikheid wat van bo die son in hierdie gebroke werklikheid ingryp, dit verander, bestier, beskik, uit die chaos nog struktuur en vorm gee, alles laat afstem op 'n doel, naamlik die groot oordeelsdag van God.

Eens het ons Here Jesus ook hierdie psalm 'n dieper betekenis laat kry. Hy het vir ons hierdie dodelike bedreiging enduit deurgemaak, toe dit rondom Hom nag geword het om ons voor God regverdig te maak. Daarom kan ons drome droom, ideale najaag en vurig bid-smeek en kla. Ons leef deur die Heilige Gees. Hy gee aan 'n mens geloofsinsig in die daade van God onder die mense.

Sing: Psalm 99:5

Ds Pieter Lourens (Bloemfontein/Bloemfontein-Oos)